Geliefde Lourensrivierder

My Grotman, ek, Hennie, Jessie, Conrad en Elsie was die naweek weer saam met ‘n groep Boland Ereveldwagters in die Tankwa Karoo Nasionale Park, waar ons ‘n kinderkamp vir Middelpos se Graad 7’s aangebied het...
Nodeloos om te sê die Karoostof is nog in my neus en die kindergesiggies aan my hart vasgeplak!
Elke liewe keer herinner die Here my net aan hoe baie ons het om voor dankbaar te wees!

Daardie kindertjies leer my hoe om voluit te lewe, om sonder maskers en aansit te wees en sommer net oopmond te lag omdat ons kan😊 Al wat ek nié by hulle kan leer nie is hoe om die riel te dans.... Eish!

Ons “mascot” was een die mammas wat saamgekom het se seuntjie Mark, wat die vlakte van die Karoo vreesloos aangepak het

Die mussies is geskenk deur Alet Murray wat dit gebrei het terwyl sy chemobehandeling ontvang het. Ons kan nie genoeg dankie sê nie! Sy is tans weer in die hospitaal vir behandeling, so ons vra ook sommer almal se gebede vir haar.

PSALMS 90:14
Skenk ons elke dag U liefde in oorvloed, dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees.
JOHANNES 10:10
'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

NUUSKRUMMELS: 13 SEPTEMBER 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:
Baie geluk aan hierdie groepie wat die Gebedskursus vir 2018 suksesvol voltooi het!

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjie is: Dít is waar jy 15 September MOET wees... Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

-Live band met praise & worship 🎼
-inspirerende getuienisse en sprekers 😊
-klavierspel
-pryse 🎀
-eet- en drinkgoed 🍕🥤
-photobooth 📷

Moet asseblief nie hierdie wonderlike oggend misloop nie!
Daar is nog net 'n paar kaartjies oor.

Kaartjies by Lourensrivier Gemeente Kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991)👌🎉
NAVRAE: Anneli Theron @ 0715861808

WOEKERHOEKIE:

DAAR HET HEERLIKE KOEKIES, BESKUIT EN LEKKERGOED OORGEBLY VAN DIE VOEDSELFEES! Kom loer gerus in voor dit verdwyn!

VIR EFT'S OF FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing: (Naam & produk)

Ek werk saam met 'n groep jongmense in Khayelitsha wat na vanjaar se #Imagine in Bredasdorp besluit het om 'n opvolg geleentheid in Khayelitsha te reël, met die droom dat wit en swart jongmense byeen sal kom en droom oor die toekoms van Suid-Afrika. Saam met verteenwoordigers van die groter #Imagine bewegings is reëlings al ver gevorder en ek wil graag soveel moontlik tieners uit die NG ringe in die Kaap area nooi om te kom. Die geleentheid vind die 29ste September van 10h00 tot 16h00 plaas by 'n skool in Khayelitsha. Toegang is gratis, maar wel deur middel van kaartjies sodat ons getalle kan beheer (kaartjies is by my beskikbaar). Sekuriteit en parkering is ook gereël. Sprekers kom uit Khayelitsha en die Teologiese fakulteit op Stellenbosch (prof Reggie Nel).

Kom bou saam brue.

Vir nog inligting - skakel my asseblief by 082 419 2118

Seënwense, Wouter
Leraar: NGK Welgemoed

Kontak en ander inligting:

Andre & Anna-Marie Thiart,
Quionga, Mozambique

Epos: thiartaa@gmail.com
Facebook: Makwe Mission -
http://www.facebook.com/#!/MakweMission
Webblad: www.gcx.org/Makwe_Mission

Celnr Moz: +258 86 68 42 675
+258 84 228 9038

Celnr SA: +78 348 1914 + Whatsapp
+73 909 5288 +Whatsapp

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

STRAND DIENSSENTRUM ACVV DIENSTAK (H/V De Villiers & Kerkstraat)
SANG OPTREDE deur Louis Loock
Woensdag: 24 Oktober 2018, 9h30 vir 10h00
R60 per persoon

Dit gaan ‘n heerlike oggend van sang wees!
Kom geniet dit saam met ons!
Bespreek by ontvangs 021-8544552

Daar sal van Louis Loock se CD’s te koop wees!

BUURTWAG NUUS:
September Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak.
Onderaan Nuuskrummels is ‘n belangrike Media Verklaring deur die Polisie vir almal se inligting.
Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.

Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word:
https://www.facebook.com/strandnw/

STRAND BUURTWAG is die “oë en ore van die Buurt”. ’n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak ’n verskil!

KNIEWERK

- Bid vir ons leraars, verskillende bedienings en Gemeente
- Paul Louw (kanker)
- Ons innige meegevoel met Johan Botha en familie met die heengaan van sy vrou, Suzanne. Gedenkdiens, 14/09 @ 10h30
- Lizzie Holtzhuizen gaan vir rugoperasie op 17/09
- Jan van Eeden herstel na skouer operasie
- Lucille Kruger herstel na 2de nekoperasie
- Yvonne Marx, in hospitaal (geval en heup gebreek)

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 16 SEPTEMBER SE BOODSKAP: SPR 1:20-33 (17DE WEEK IN KONINKRYKSTYD - LEOPOLD)

Die boek Spreuke fokus op die "praktiese wysheid" wat die Here ons wil leer. Dit gaan nie in die eerste plek daaroor hoe om God op 'n geestelike vlak te dien nie – dit was die priesters se werk wat hulle aan die volk moes leer. Hier word geleer hoe om God in die alledaagse lewe te dien.
Die anker van die Boek Spreuke vind ons in Spr. 1: 7: "Kennis begin met die dien van die Here." (AFR 83) "Lewensgeluk begin by die liefde vir die Here." (DB) "Kennis begin met eerbied vir die Here." (NLV) "Jy moet gehoorsaam wees aan die Here en jy moet Hom respekteer." (ABA) "Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis." (AFR 53)
Dit gaan hier oor "ontsag" vir God. Sonder hierdie "ontsag" raak jy eintlik self "god" en draai jou lewe net om jouself. Dan wil jy ook nie na ander mense luister nie – jy self is al wat saak maak in jou lewe. 'n Kommentator vertaal vs 7 as volg: "Start with God—the first step in learning is bowing down to God". Die boek Spreuke kan gesien word as 'n uitgebreide uitleg van alles wat God in die Tien Gebooie vir die volk leer
Die tweede ding wat 'n mens moet leer, is om na rolmodelle te luister – jou pa, jou ma (vers 8), en ander gesagsfigure. As 'n mens nie met God begin nie, as jy nie die invloed van rolmodelle respekteer nie, sit jy jou voet op 'n pad waarin jy min weerstand gaan hê teen die verleiding van misdaad en geweld.
In vs. 20 – 33 word wysheid as 'n vrou voorgestel na wie 'n mens moet luister. Hoekom 'n vrou? Waarskynlik omdat die hele idee van koestering, vertroeteling, en omgee, meer geredelik met 'n vrou geassosieer is. Ook in ander volke se wysheid literatuur, word 'n vrou dikwels gebruik as die een wat die lering gee. Ten spyte van die "stem" van 'n vrou, word die wysheid van Spreuke as die stem van God self voorgestel.
Dat "sy langs die straat staan en roep", moet nie gesien word as dat sy 'n slegte vrou is nie – die straat en stadsplein was die plek waar openbare sake gehanteer is in die tyd van die OT. Die wysheid was vir almal beskikbaar – "wie ore het".
Dikwels word wysheid vir ons aangebied, maar ons wil dit nie aanneem nie, maar dan, wanneer ons in die moeilikheid is, sal ons soos die dwaas dit soek, om uit die moeilikheid te kom, maar dan is dit te laat. Dan het die afwysing van wysheid reeds die dwaas vernietig.

Die Griekse wysgeer, **Sokrates** het gesê dat wysheid op drie maniere aangeleer word: refleksie (beste); nabootsing (maklikste) en ervaring (bitterste).

-Willem Botes-

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier

1.CRIME REPORT

MEDIA STATEMENT FROM THE SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE

Continuous unconfirmed social media postings a growing concern

PRETORIA: 7 September 2018 - The South African Police Service has noted with great concern the recent spike in video clips on various social media platforms which in recent times have depicted cases of child kidnappings and abduction.

The police have, since these postings started going viral, been trying to confirm if those depictions did or did not occur in any part of South Africa. To this day, there is no evidence that suggests firstly, that these incidents happened in South Africa and secondly, that these incidents are actually legitimate.

By now, besides reporting this to the police, one would have expected at least a family would have come forward to publicly confirm at least one of those videos to be legitimate. Secondly the police will never know that these incidents really happened if they are not officially reported. Therefore the only reasonable conclusion we can draw from this is that these videos are hoaxes. Some of these videos might even be re-enactments as they are conveniently taken in a way that neither the location nor any other can be ascertained.

We are appealing to social media users to act responsibly and verify information before posting sharing, as such postings do nothing more than cause unnecessary panic and paranoia among our communities. Social media, when utilized responsibly, is an important communication platform that assists the police in combatting crime and arresting criminals.

The South African Police Service assures the community that continuous awareness and educational talks on the safety of our children are done at various institutions including schools.

While the recent social media postings remain unconfirmed, it is a reality that children do go missing. Therefore, parents and guardians are urged to exercise vigilance at all times.

An urgent appeal is made to people in instances where they suspect a crime may have been committed or anything suspicious has occurred to contact the police first to verify such information. In cases where children are involved, the Family Violence Child Protection and Sexual Offences Unit (FCS) may be contacted as well as the sector manager of a particular area. Discuss your concerns and let us together make informed decisions before posting on social media. Members of the community may call the police's Crime Stop number, 08600 10111 and all information received will be treated with the strictest confidentiality.

Enquiries : Brigadier Vishnu Naidoo - 082 567 5143

Colonel Brenda Muridili - 071 686 9425